Die Boek

Waar kom dit vandaan?
Kan ons dit vertrou?
29 Julie 2018

13 Verder sal ons God aanhou dank dat julle sy woord, wat julle by ons gehoor het, aangeneem het nie as mensewoorde nie, maar soos dit werklik is, as Gód se woord. Dié woord is aan die werk in julle wat glo. – 1 Tess 2:13

Waar kom die Bybel vandaan?

• Oor 'n tydperk van **1500** jaar, het God omtrent **40** skrywers **GEïNSPIREER** om Sy woorde op te neem en dit neer te skryf.

• Geïnspireer beteken: ***"GOD-BREATHED"***. In ander woorde; God gee rigting, Hy lei en beskerm die woorde wat die skrywers hoeveel duisende jare geksryf het.

Kan ons dit vertrou?

• **JA!** Daar is BAIE bewyse wat wys die Bybel is die waarheid. Hier is 4 Voorbeelde:

1. Die **EENHEID** van die Bybel.
40 Skrywers...1500 jaar...maar daar is eenheid in al die boodskappe wat geskryf is.

2. Die **GESKIEDENIS** van die Bybel.
Geskiedkundiges, skrywers, argeoloë, ens. ondersteun die goed in die Bybel. Daar is geskiedkundige bewyse van die gebeurtenisse in die Bybel.

3. Die **PROFESIEË** in die Bybel.
Oor en oor word daar in die Bybel goed voorspel wat waar word. Jesus se geboorte, Sy lewe, dit wat Hy gedoen het en wie Hy is is net EEN van baie voorbeelde.

4. Die **NALATENSKAP** van die Bybel.
Dis die bes verkoopde boek van ALLE tye! Daar is geen ander boek wat in soveel ander tale vertaal is nie. Baie skrywers was dood gemaak omdat hulle geglo het die Bybel is waar – en dit is tyd na tyd as waarheid bewys!

GEDAGTE VIR DIE WEEK:
Die Bybel is nie net 'n boek....dit is D I E B O E K !